

# 2. Die voorblaaie

'n Boek se voorblad is baie belangrik, aangesien dit die leser se eerste kennismaking met die boek is. Die uitleg en elemente wat op die voorblad ingesluit word, is ook van belang, want dit gee leidrade vir die leser oor die boek se storielyn.

Die voorblad behoort die volgende belangrike inligting te bevat:

- Die boek se titel
- Die skrywer se naam en van
- Die illustreerder (tekenkunstenaar) se naam en van (indien daar illustrasies in die boek is)
- Visuele elemente met leidrade oor die storie se intrige

Kom ons kyk wat ons uit *Die ware avonture van Adelie & Riley*-boeke se voorblaaie kan aflei.

## Klasbespreking:


Gesels as klas saam oor vrae soos die volgende:

- Wat sien jy alles raak?
- Watter karakters is daar?
- Hoe oud, dink jy, is die karakters? Hoe weet jy dit?

- Wat is die karakters besig om te doen?
- Watter tyd van die jaar is dit? Waaraan kan 'n mens dit sien?
- Kan jy enige iets omtrent die karakters se liggaamshouding aflei?
- Watter emosie, dink jy, ervaar elkeen van die karakters? Motiveer jou antwoord.
- Wat dink jy van die kleurgebruik op die voorblad?
- Hoekom is daar twee name op die voorblad?
- Wie is die skrywer?

**Beantwoord nou die vrae oor die boeke se voorblaaie.**

Die Swembadmonster



1. Kyk na die vroulike persoon op die voorblad. Kies die regte antwoord.
   Sy lyk soos 'n _______.
   a) kind
   b) tiener
   c) grootmens

2. Kyk na die hondjie. Hoe, dink jy, voel hierdie hondjie? Gee 'n rede vir jou antwoord.

3. Hoe kan jy sien dat die hondjie sy stert in die rondte draai?

4. Daar is nog 'n baie vreemde karakter op hierdie voorblad. Wat, dink jy, is dit?

5. Die titel van hierdie boek is *Die Swembadmonster*. Dit gee ons die idee dat die water wat ons sien 'n swembad moet wees. Wat is ongewone goed wat jy in hierdie swembad sien?

6. Watter ander items sien jy op die prentjie wat jou die idee gee dat die storie in 'n swembadarea afspeel?

7. Hoekom is daar twee name op die voorblad?

8. Vertel in twee sinne wat jy dink in hierdie storie gaan gebeur.